STILET
STILUS
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

# Krag

Jaco Fouché

Die hortjies agter die huis is toe. Die vensters voor se gordyne ook. Dis warm. Liana is bly vir die skemer koelte van die groot plaashuis. Hulle is vier dae op die plaas, sy en Ewald, en lê en lees in ‘n kamer, te lugtig vir die hitte om te gaan stap soos sy eintlik wil. Liana se ma is in haar eie kamer. Om twee namiddag is daar ‘n klop aan die voordeur en dan weer teen een van die voorste vensters, dringend.

“Hallo? Help, help,” roep ‘n vrou.

Ewald kyk met ‘n te teatrale sug na haar wat sy ignoreer. Dis die plaaslewe, vertel hy graag in die dorp. Dit kan dae lank sonder voorval wees, en ineens is daar iets wat aandag vereis: ‘n pyp bars, ‘n lam kom uit die kraal, ‘n rietbos brand, iemand word in ‘n twis beseer. En dit gebeur nou wanneer haar broer weg is vir die dag. Nie ‘n man in sig nie. Ewald se been is seer en hy gaan dit nie vergeet nie.

In die voorportaal praat Ma met ‘n ontstelde vrou in haar veertigs. Ma het haar selfoon by haar. Die vrou se gesig is rooi behalwe vir twee wit kolle waar sy die sonbril op gehad het wat sy nou in haar bewegende hand hou. Sy praat vinnig. Die swaaiende brillense se weerkaatsings teken gloeiende vore deur die skemer van die vertrek. Buite die oop deur brand die dag skerp.

“Ons was by die waterval,” sê die vrou. “Het vanoggend by die winkeltjie betaal en gestap en lank in die water gesit en geswem. Ons goed was alles in Erika se sak, my karsleutels, my beursie, haar foon. Op pad terug het daar ‘n jong man in die pad gestaan met ‘n groot mes. Hy het wild gelyk. Hy was so kwaad! Hy wou die sak hê. Ek het gesê sy moet gee, net gee dat ons kan loop, maar sy wou nie. Toe raak sy en die man haaks. Sy het hom geskop en hy het haar teruggeslaan dat sy val en …”

Ma vra: “Waar is sy nou?”

“Op die pad om die berg met die bome. Daar.” Die vrou tree na die voordeur en beduie oor die stoep en die werf na die steil kop wat begroei is met denne. “Ek het gehardloop. Sy is nog daar … Dit het nou-nou gebeur. Ons was op pad terug amper onder op die rivierpaadjie toe …”

“Ek bel die plaaswag,” sê Ma en tree eenkant toe, foon omhoog.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

Terwyl sy bel, versoek die vrou: "Julle moet gaan kyk! Sy kon iets oorgekom het. Ek het net gehardloop." Sy laat sak haar kop, maar lig dit vinnig weer. "Sy ken karate. Maar iemand moet gaan kyk."

Die vroue draai na Ewald, Ma terwyl sy nog die foon vashou. Hy roer sy been. Hy sal nie kan gaan kyk nie. Maar Liana dink dis seker vleiend vir hom, die verwagting.

"Ek kom nie deur nie," sê Ma. "Call drops." Die nuwerwetse woord beskryf die wisselvallige ontvangs goed.

"Ek loop gou," sê Liana.

"Vat 'n kierie saam," sê Ewald en haal een uit die houer langs die klavier. Dit is sewentig sentimeter lank en het 'n knoets aan die een kant.

"Nee, ek gaan nie die ding vat nie." 'n Implement gaan ook met verwagting gepaard. "Daar is ander maniere."

"Onthou, diplomasie werk net met diplomate," sê Ma skepties, seker nog ontevrede met haar telg se gedrag, en dan onderlangs aan die vrou: "Hulle het baklei."

"Sy been?" vra die vrou verras.

"Sy dra nie haar ring nie."

Die vrou kyk asof alles helder is vernietigend na Ewald, kom dan weer tot die punt: "Iemand moet iets doen." Sy lyk op die punt om Liana by die deur uit te stoot.

"Gaan jy veilig wees?" vra hy. Hy geniet dit om oor haar bekommerd te wees. Daar is iets weerloos en verward aan hom, kan Liana onthou. Jy ontmoet hom en binne minute wil jy hom oppas. Sy kyk eerder weg.

"Kom sit solank, ek bring vir jou iets om te drink," sê Ma en lei die vrou na die eetkamer.

"Maak gou," versoek die vrou terwyl sy dieper die huis in stap, hand geklem om haar sonbril.

Op die stoep sê Ewald: "Trots op jou." Liana knik en wil met die trap afgaan, maar hy trek haar terug om haar 'n drukkie te gee. Dit is verontrustend dat hy so besorg is. Maar wat kan hulle maak? Hulle het in die patroon van 'n bepaalde huwelik ingesink soos wawiele in nat sement.

"Vat 'n hoed!" roep Ewald toe sy aan die onderpunt van die trap kom. Hy het weer die huis in gesukkel om 'n hoed van die klavier af te tel en gooi dit met 'n boog na haar.

Sy sit dit op en wuif en maak oor die werf aanstaltes. 'n Gespanne ritme speel gedemp maar diep en indringend van die werkershuise af. Insekte skree in die droë kanaalt-

jie langs die kelder. By die winkeltjie is ‘n teken op: “Stappers, laat die bedrag in die honesty box.” Die honesty box, van dun metaal en teen ‘n pilaar gemonteer, is egter oopgewring. In een van die eikebome is ‘n gefladder wat ‘n geskarrel blyk te wees. ‘n Eekhoring kom met die stam af en oor die klam, mosbegroeide stuk grond om die bome, wolstert veeënd agterna. Ma hou die deel van die tuin nat en die plante staan welig. ‘n Mens kan op die hitte van die dag op ‘n kliptrap sit.

In die oop sonlig voel sy dadelik tam. Gemaksugtig, weet sy. ‘n Dorpsjapie soos sy geword het, wil nou op die kliptrap sit en koeldrank drink en kyk oor die uitsig. Hierdie plaaskrisisse is vir plaasboere.

Voor haar strek die hawerland uit, nou kaalgeskoffel behalwe vir draderige onkruid wat daar groei, en die pad loop ‘n paar honderd meter verby twee diepgroen lemoenboorde na die stroompie. Dis warm onder die skerp son in die blou lug, tot sy by die stroompie kom en onder die baie bome kan in stap. Dis dadelik koeler. Die voetpaadjie is gemerk met gereelde bordjies. Die bordjies noem afstand en wys rigting aan en verseker hier en daar die verbyganger van ‘n besonder mooi plekkie net om die draai.

Dis goed om haar hartsplek te beskou. Sy stap verby ‘n oop kol waar ‘n dertigtal plat boomstompe soos sampioene in die sagte lig staan, in ‘n losse boog om ‘n hoër stomp. Hier word kerk gehou vir diegene wat so gestem is. Anderkant die oop kol word dit digter. Sy moet takke uit haar pad druk. Die paadjie is lanklaas skoongemaak. Dit is deel van die allure. Die mense wat hier kom stap, wéét van die plaas, die manier waarop dit nie ontwikkel is nie en nog iets behou wat die boetiekplase nie het nie. Regs van haar, en al meer onder haar want die paadjie styg, vloei en kabbel die stroompie se donker water.

Sy loop onder die skaduryke bome uit verby ‘n strook wilde wingerd wat liggroen in die son vertoon, gaan dan met ‘n steilte tussen boomstamme op en kom met deinende asem op die pad aan wat die vrou aangedui het, die een wat om die kop met die dennebome loop. Bo haar troon die bome teen die skuins hange uit. Hier solank ‘n mens aan die hang se kant van die pad hou, is heelwat skadu. Sy gaan verder, hoor iemand iewers vloek, ver, die klank dof maar driftig in die stil middag.

Kom op die vrou om ‘n draai af. Sy sit op die grond, knieë teen mekaar, in blou denim en sterk skoene. Haar hare waarin sy haar hand hou is deurmekaar en donker. Sy kyk met blou oë na Liana op. Toe sy haar hand wegneem, is daar bloed teen haar voorkop. Die ander hand is om haar maag. Sy sit skeef, asof sy ‘n pyn probeer verlig.

“Hallo, is jy oukei?” vra Liana innig. Sy wil die vrou nie verder verskrik nie. Sy pes dominerende mense en gaan uit haar pad om nie een te wees nie. Veral soms, sal Ewald sê, met sy eienaardige tevredenheid: rusie is prestasie. Iets is gesê. Iets is bereik.

Maar die vrou is kalm, knik, vou haar bene onder haar in en probeer orent kom. “Ek

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

is duiselig. Hy het my kop aan die bloei, maar ek dink dis eerder die hou in my maag …” Sy rek haar rug reguit. “Dis seer. Voel moeg. Lam. Dis die nadraai van dit alles.” Sy sit weer.

“Jou vriendin het ons by die huis kom sê.”

Die vrou sien seker nie kans vir veel praat nie, kyk na die kant van die pad weg van die hang af, na daar waar die grond wegval tussen die laer groeisel bome in. Anderkant die bome kan Liana ‘n deel van die werf sien, die akkerbome, die winkeltjie, die plaashuis. Die stoep is verlate, maar die voordeur staan oop. En langs die werf die werkershuise, ‘n agttal.

Sy sê: “As jy ‘n bietjie kan uithou, die plaaswag se mense sal na ons kom soek.”

“Nee, ek sal kan loop. Moet net ‘n bietjie sit. So moeg.”

“O. Oukei.” Iets staan Liana te doen, maar wat? Miskien moet leiding geneem word. Sy laat egter die oomblik daarvoor, as dit is wat dit was, verby gaan en voel onrustig daaroor.

“Het julle iemand gebel?” vra die vrou.

“Ja, dis plaaslewe, gebrekkige kontak,” probeer Liana ‘n grappie. “My ma sal hulle gou kry.” Sy lig haar hande en laat sak hulle weer. “My naam is Liana.”

“Erika.”

“Ek het hier groot geword.”

“Moet spesiaal wees.”

“En jou vriendin los jou met die rower?”

Die vrou kyk lank na Liana. Sy word ongemaklik, probeer iets aan die vrou se voorkoms aflei, die graad van taksering. Die bloed teen haar voorkop is nie so baie nie. Die res van haar lyf lyk ongeskonde behalwe vir stofvlekke oor die blou denim.

Dan praat sy. “Ja. Jy kan so sê. Kan haar nie verkwalik nie.”

Na voor en agter Liana stryk die pad aan toe sy rondkyk. “Het hy weggehardloop?”

Die vrou kyk weer na waar die grond wegval tussen die bome. Liana volg haar blik en stap op ingewing na die rand van die paadjie, kyk af tussen die stamme in. Daar is gras en onkruid en ou droë boomstamme wat ‘n ruk terug uit die denne bo hulle gekap moet wees. Die stompe rus teen die voete van lewende bome. Een van die stompe, in die skemer onder lae plantegroei, lyk anders. Sy tuur daarna, besef sy maak kleure uit, ‘n dofrooi bostuk en ‘n vaal broek en een enkel wat by ‘n skoen uitsteek. Sien ‘n gesig onder ‘n bossie. Dis ‘n hele menseliggaam wat daar lê, kop na onder.

Toe sy na die vrou kyk, betrag die vrou haar asof sy iets in haar reaksie lees wat

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

haar amuseer. “Wel? Is hy dood?” vra die vrou stadig.

“Hy lê baie stil. Wat het gebeur?”

“Daar iewers sal ‘n mes ook lê. Hy het my daarmee gedreig. My vriendin het geskree en begin hardloop. Ek wou nie hardloop nie. ‘n Mens staan nie net jou goed af nie. Toe skop ek hom en dit werk nie en ek skop weer en weer kom hy en ek slaan. Hy het net bly kom. Ek het geslaan, ek het geskop. My elmboë, my knieë is seer. Hy wou eers net nie ophou aankom nie.”

“Het hy jou raakgesteek?”

“Skrams teen my kopvel, ja. Kan ek jou iets vra? Daar moet ‘n rooi sak iewers lê met ons sleutels en my foon in. Daar is ‘n plastiekbottel daarin, energiedrankie.”

“Ek kyk gou.” Liana het nie lus om die vrou te verlaat nie. Sy kyk oor die rand in die omgewing van die liggaam, merk die rooi sak onder die man se bene uitsteek. Sy sukkel na benede, haar aandag op die man se gesig, bedag op beweging. Maar die lippe is slap oop en die oë staar die niet in. Sy trek die sak vieserig onder die bene uit wat swaar padgee, klim terug na die pad, hou die sak uit, verlig om weer by die vrou te wees. “Hier is dit.”

Die vrou neem die sak en rits dit oop, voel daarin. “A.” Met die sak op haar skoot en haar bene reguit voor haar draai sy die halfleë bottel se prop af en begin vinnig drink. Sy bewe. Liana kan dit in haar hande sien en in die beweging van haar kop. Die vrou haal ‘n selfoon uit en druk ‘n knoppie en bekyk die skerm. “Dis dood. Ek dink dit het iets in die val oorgekom.” Sy kyk weer op na Liana. “Dink jy ek is in die moeilikheid?” vra sy. Liana huiwer. Die vrou praat verder. “Niemand anders weet eintlik wat hier gebeur het nie. My vriendin was reeds weg.”

“Omstandighede sal namens hulself spreek. Jou vriendin kan verklaar van die aanval, die mes, hoe jy jou teengesit het.”

Die vrou vee met die brug van die hand oor haar neus en kyk in die toppe van die bome vas wat uit die diepte langs die pad groei. “Miskien was dit oordadig. Ek bedoel, eers kon ek nie indruk op hom maak nie. Toe klim ek in. Dis nadat die mespunt my teen die kop getref het. Toe’s ek kwaad.”

“Dit was selfverdediging. Jy het gesê hy bly aankom.”

“Nee. Eers, ja. Eers selfverdediging. Later was dit iets anders. Hy het terug gestaan. Ek kon sien hy was nie meer lus nie. Hy het omgedraai om te gaan. Hy het die mes iewers ingegooi, ek weet nie waar nie. Maar ek was kwaad. Dit was die eerste keer wat ek so voel. Ek wou hom … ek wou hom iets aandoen. Dit was soos ‘n groot wrok wat ek kon aflê.”

“Klink gewigtig.” Wanneer laas was Liana so ongemaklik? Daar is ‘n harde kant van die lewe wat jy grotendeels kan vermy, en dan as jy jou weer kom kry, sit jy met iemand

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

soos E… soos die vrou Erika.

Die vrou eet verder aan die energiestafie. “Agtien jaar se karate. Ek het teen al wat ‘n vorm en mens is te staan gekom. Ek het geoefen, ek het myself uitgeleef, ek het my opgebou. Maar nog nooit ‘n regte aanval nie. Nie ‘n régte een nie.”

“Jy het die konfrontasie gewen,” sê Liana.

Die vrou se blik is op haar hand voor haar, vingers uitgesprei. “Ek voel beter. Die geruk is lyk my uit my gestel. Dankie dat jy gekom het.”

“Ek het niks gedoen nie. Dis jy …”

“Wel, dankie dan vir die teenwoordigheid,” sê die vrou. “Heelwat van die lewe het te doen met opdaag en vertoon. Nè? In daardie opsig is leef soos ...”

Beweging van die huis het Liana se aandag getrek. “O! Daar staan ‘n bakkie op die werf. Ek dink dis die plaaswag. Hier kyk iemand hiernatoe met ‘n verkyker.” Sy wuif met die hoed wat Ewald by die huis aan haar gegee het. Die verkyker word laat sak, dan weer na die gesig gelig.

Die vrou beweeg uit haar ongemaklike houding met haar bene voor haar, lyf geboë. Sy strek haar reguit en haar gesig vertrek. “Ek dink iets is fout. Ek het hier binne seergekry.” Sy vou haar linkerhand sag om die bult van haar buik. “Miskien moet ek lê.” Sy leun met ‘n snak op haar elmboog terug, kry dan haar lê op die grond en rol haar kop na weerskante. Liana tel die rooi sak op en plaas dit agter die vrou se kop.

“Hulle is seker nou hier,” sê sy en swaai met haar arms na die huis se kant. Die bakkie daar tru nou in ‘n draai en begin dan ry. “Hulle is op pad,” sê sy met ‘n vinnige kyk na die vrou. Sy benodig hulp. “Hulle kom nou.”

“Ek was getroud,” sê die vrou. Sy kyk op die strook blou lug bo hulle in, anderkant die baie dennebome teen die skuins hang. “Daar leer jy.”

“Jy leer ja, maar wat?”

“Jy leer om … Jy kan my niks vertel nie.” Die vrou lag ‘n bietjie.

“Praat jy met my?” vra Liana. Die harde lewe is haar weer eens aan die tereg wys.

“Moontlik het ek alles verkeerd verstaan.” Sag.

“Van trou?”

“Ja. Alles. Ek was so kwaad. Dit was iets …”

“Besonders, ja. Die geveg moet gewees het.” Liana wens die vrou wil nie praat nie. Sprake van heldhaftigheid lyk onvanpas hier langs ‘n beseerde vrou en ‘n paar meter bo ‘n

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

man wat pas doodgeslaan is.

Die vrou vra: “Sal jy iets vir my doen?”

“Jy is netnou weer op die been. Ek hoef niks te doen nie.”

Die vrou bly stil, kyk die lug in wat dieselfde kleur as haar oë is. Die bakkie is intussen agter die bome laer af, buite waarneming behalwe vir ‘n enjindreuning en twee keer ‘n glim van bakwerk tussen die lower deur. Oor hulle troon die kop uit.

“Hoor jy die bakkie?” sê Liana. “Hulle volg die ompad.”

“Eintlik moet jy dit vir jouself doen.”

“Ek kan dit hoor.”

“Ek sien nie ‘n ring nie.”

“Ek sê mos ons is by my mense. My man is in die huis.”

“As ‘n mens so terugdink …” Die vrou trek haar gesig. Vir die eerste keer merk Liana iets aan haar gebit, ‘n ongelykheid. Dis moontlik nie vandag se geveg wat dit te weeg gebring het nie, maar sy gaan nie vra nie. Die vrou worstel ‘n geknoopte groen sakdoek uit haar rooi sak. “Hier.”

Liana knoop dit oop. “Dis ‘n ring. Hoekom gee jy dit vir my?”

Maar die lippe het oor die tande toegegaan en die oë is ook toe. Die lyf ontspan asof daar nie meer asem is nie. Liana staan tot daar tot die bakkie met twee manne opdaag. Sy kyk hoe hulle beheer van die situasie neem, of dan van wat daarvan oorbly.